MEASLES

Moenie dat jou kinders dit kry nie – laat hulle inent met die MMR-entstof

- Masels is weer in die nuus. Daar was ernstige uitbrake in Engeland en Wallis gewees, en al hoe meer kinders kry masels.
- Masels kan 'n baie ernstige siekte wees, en kan lei tot oor- en borsinfeksies, diarree, stuipe, en breinskade. Masels kan 'n mens doodmaak.
- Daar is 'n risiko dat jou kind masels kan kry as hy/sy nie die MMR-inenting ontvang het nie.
- Vir beter beskerming is twéé dosisse MMR-entstof nodig.
- Indien jou kind die MMR-entstof twee keer moes ontvang het, maar dit nog nie gekry het nie, kontak jou huisdokter om jou kind so gou as moontlik te laat inent – maak nie saak hoe oud hy/sy is nie.*
- As jy nie kan onthou of jou kind enige dosisse MMR-entstof ontvang het nie, of nie kan onthou hoeveel dosisse hy/sy gekry het nie, kyk in die kind se persoonlike gesondheidsrekord (die rooi boekie). Of andersins, gesels met jou huisdokter.
- As jy nie weet hoeveel dosisse jou kind gehad het nie, is dit beter om nóú twee dosisse MMR-entstof te gee, in plaas daarvan om die kind dalk onbeskerm te laat.

*Indien die dosisse in reaksie op 'n plaaslike uitbraak gegee word, kan die twee dosisse een maand uitmekaar gegee word vanaf ouderdom van 18 maande.

immunisation

die veiligste manier om jou kinders te beskerm

Sekere algemene vrae oor masels en die MMR-entstof word op die agterkant van hierdie pamflet beantwoord.

Antwoorde op sekere algemene vrae oor masels en die MMR-entstof

Waarom is daar nou weer uitbrake van masels?

Masels is 'n hoogs aansteeklike siekte wat vinnig van mens tot mens versprei, veral in skole.
'n Kind wat masels het, sal byna alle onbeskermde kinders waarmee hy/sy kontak het, infekteer. Daar is sedert 2017 weer wêreldwyd 'n toename in masels, en dit affekteer ook die VK. In sommige gevalle begin masels algemeen voorkom, veral onder nie-ingeënte groepe.

Wanneer word die MMR-inentings gewoonlik gegee?

Die beste is één dosis wanneer die kind tussen 12 en 13 maande oud is, en daarna weer één dosis wanneer hy/sy drie jaar en vier maande oud is. As jou kind egter nie op daardie ouderdom ingeënt is nie, kan hy/sy op enige ouderdom ingeënt word, met een maand tussen die twee dosisse.

Het die inenting enige newe-effekte?

Jou kind kan dalk vir tot ses weke ná die inenting simptome kry van masels, pampoentjies en Duitse masels (rubella), maar dit sal 'n baie ligter vorm daarvan wees. Dit wys dat die entstof aan die werk is en dat jou kind weerstand begin opbou vir toekomstige kontak met die virusse wat dié drie siektes veroorsaak. Nie alle kinders ervaar hierdie simptome nie, maar as die kind geen simptome ervaar nie, beteken nie dat die entstof nié werk nie.

Moet ouers in uitbraakgebiede teen masels ingeënt word?

Net soos by baie ander siektes, as jy één keer masels gehad het, sal jy dit nie weer kry nie omdat jou liggaam 'n natuurlike weerstand daarteen opgebou het. As jy dus al tevore masels gehad het, of as jy al twee dosisse MMR-entstof ontvang het, hoef jy nie nou ingeënt te word nie.

Vir meer inligting oor masels en MMR, besoek
www.nhs.uk/conditions/measles/

Crown copyright 2019 2901027 1p 200k June 2019 (APS) – Schools version